

HOOFSTUK VI.

DIE METODE VAN KUNSONDERWYS.

1. Inleiding.

Onder metode verstaan ons die weg of wyse waarop die inhoud aangebied en die doel bereik word. Dit word dan deur vier faktore bepaal: die aard van die resultate waarna ons strew; ons kennis van die aard van die kinderspersoonlikheid; ons kennis van die prosesse wat bereik moet word, en die draagwydte van ons bekwaamheid.¹⁾ As leidraad vir die bepaling van die metode by kunsonderwys dien dan veral die sielkundige benadering van die leerproses en die kunsaktiwiteit.

Omdat leer 'n aktiewe proses is en die aandeel van die leerling net so belangrik is soos die van die onderwyser, vorm die leerlingaktiwiteit 'n belangrike deel in ons metode van onderrig. Ons aanvaar dat die belangrikste maatstaf waarmee hierdie faktor gekontroleer moet word daaruit sal bestaan dat die vorm van die aktiwiteit wat in die metode toegepas word, sal ooreenstem met die vorm wat in die praktiese lewe van toepassing is. Die vermoë van die leerling speel hierby 'n belangrike rol.

By die kunsaktiwiteit kry ons veral twee prosesse wat by die bepaling van die metode in ag geneem moet word: (i) Die opties-persepsuele proses, waardeur 'n idee of geestesbeeld gevorm word; dit sluit alle visuele sensasies in. Verbeelding speel hier 'n belangrike rol. (ii) Die motor-grafiese proses, waardeur 'n sintuiglik waarneembare interpretasie van 'n idee moontlik gemaak word. Die bewegings van die

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde,

hand word deur die visuele geestesbeeld bepaal.

Wysigings van metodes spruit veral voort uit 'n veranderde begrip van die aard en wese van die kuns en die daaruit voortspruitende doelstelling van kunsonderrig. Metodes moet dan dienoreenkomstig aangepas word.

2. Kunsopvoeding deur die Praktiese Lewe tot 1900.

Die kinders van ons Voortrekker geslag, op trek en in gevestigde gemeenskappe, het in 'n tyd opgegroeï toe ons pioniers nog in 'n onherbergsame omgewing moes worstel vir hulle bestaan. Hulle moes hulle nie alleen by die nuwe omgewing aanpas nie, maar moes dit ook vorm en fatsoeneer om te kan bestaan. Hulle was in 'n baie nouer kontak met die natuur en hulle indrukke was dus besonder sterk. Hulle het respek en bewondering vir die nuwe omgewing betoon en wat meer is, daar het die drang en behoefte ontstaan om aan hierdie belewing uiting te gee. Weens die gebrek aan verfmedia het hulle hulle dan veral besig gehou met handwerkaktiwiteite soos kerfwerk, vlegwerk, houtsneewerk en borduurwerk. Dié kunsbelangstelling het dus veral deur die gebruik van beskikbare materiale tot uiting gekom. Ook die verbeeldingskrag kon hier tot sy reg kom; so is daar byvoorbeeld versierings op huishoudelike artikels, pype, kassies en trekgerceedskap aangebring.

Ons voortrekker geslag was dan ook daarop aangewys om self vir sy implemente en huishoudelike artikels te sorg. Hierdeur is 'n beroep gemaak nie alleen op sy verbeeldingskrag nie, maar ook op sy praktiese sin en sy vindingrykheid. Dit het 'n onbewustelike belangstelling in voorwerpe meegebring. Die uiting van die skeppingsdrang was dus hier 'n lewensnoodsaaklikheid; hulle moes hulle hande gebruik om iets te vervaardig. So was dan die voortrekkerkuns die resultaat van hulle leefwyse.

By die Voortrekkerkind kon die skeppingsdrang dan op 'n natuurlike wyse in twee rigtings tot uiting kom: om iets moois te maak en om iets nuttigs te maak. Elkeen kon op sy

iets tasbaars tot die gemeenskap bydra. Nuttigheid, natuurgetrouheid, eenvoud en skoonheid was die grondgedagte by hulle werk. Die kind was in sy kunsaktiwiteit nie gebonde deur reëls of maatstawwe nie. Oorspronklikheid was die grondslag vir die werkmethode, terwyl die ouers slegs met raad en daad bygestaan het. 'n Spesifieke kunsopvoeding het daar nie bestaan nie, want die hele lewe het uit die beoefening van die kunste bestaan.

Die ontstaan van gevestigde gemeenskappe in dorpe het spesialisering meegebring. Ambagsman, beeldhouer en skilder het elkeen nou sy eie weg gevolg. Die moontlikhede vir 'n individu se kunsuiting is nou beperk, want bogenoemde funksies word nou deur spesialiste verrig. Dit het nou noodsaaklik geword om hierdie leemte deur middel van die opvoeding aan te vul. Alle pogings is egter deur die oorlog verydel.

3. Die Akademies-Objektiewe Benadering 1900 tot 1924.

(a) Die Kinestetiese en Meganiese Tekenmetodes; Motor-grafiese Prosesse 1900 tot 1906.

Dit was vanaf 1903 dat tekenonderrig die eerste keer in die leerplan van die Transvaalse laerskool ingesluit is en wel om akademiese redes. Dit moes daartoe bydra om die intellek te ontwikkel en om die persepsievermoë te versterk. Dit is opgeneem as 'n mnemoniese leervak. „... the pupils are obliged to look carefully and intelligently in order that the memory may retain that which is seen in the form of stored-up observation.”¹⁾

Tekenonderrig is in dié tyd op 'n kinestetiese wyse benader. Die leerling moet die fatsoen van 'n voorwerp op papier voel terwyl hy gedurig na die voorwerp kyk. Hierdeur word handbewegings met waarnemings gekoördineer. 'n Waardevolle aanvulling is dan ook die toe-oog tekenmetode waarby die potlood op die papier geplaas, die oë gesluit en 'n poging aangewend word om dan die beeld in die gedagte te omlin.

1. Ablet: How to Teach Drawing in Elementary Schools, 35 - 36.

Hierdie metode bevorder die vertalingsproses, dit wil sê die sintuiglik waarneembare interpretasie van geestesbeelde en veral twee-dimensionele weergawes van drie-dimensionele waarnemings.

Die leerplan van 1903 maak voorsiening vir vryhandtekenwerk in massas en buitelyns; vir tegniese tekenwerk met gebruikmaking van tekeninstrumente en van modelleerwerk. Laasgenoemde dien as aanvullig vir die eerste twee. Vir alle tekenwerk word dan die volgende metodes aanbeveel; die kopieer-, dikteer-, geheueteken-, herhalings- en uitvindingsmetode.¹⁾ ^{metodes in} Ons kan hierdie twee groepe verdeel, naamlik (i) nabootsingsmetodes en (ii) meetkundige metodes.

(i) Die Nabootsingsmetodes.

In die kopieermetode word daarna gestrewe om gegewe vorme deur die klas te laat reproduseer. In die laer klasse demonstreer die onderwyser die verlangde bewegings en die leerlinge reproduseer die resultate een na die ander. Die doel is dus om 'n resultaat te dupliseer. Kopieer is dus 'n doel op sigself en kan, streng gesproke, nie as nabootsing beskou word nie. Laasgenoemde aktiwiteit dien dus as 'n middel waardeur 'n resultaat bereik kan word.

Volgens die dikteermetode moet leerlinge bewegings uitvoer wat deur die onderwyser gedikteer of voorgeskryf, word. Ons het dus hier te doen met nabootsing as 'n herhaling van 'n handeling met die doel om te leer hoe om 'n onaktiwiteit uit te voer. Die nabootsing van die onderwyser se aktiwiteit kan gelyktydig met of onmiddellik na die demonstrasie geskied. Hieruit het verskillende variasies ontwikkel, byvoorbeeld dotjies teken of dikwels ook stigmagrafie genoem; werk op gelinieerde oppervlakte en simboolteken, wanneer 'n veralgemeende vorm as nukleus of uitgangspunt gedikteer word.

Deur die geheue-tekenmetode moet die leerlinge oefening kry om bekende voorwerpe te kan teken sonder om daarna te kyk, meestal voorwerpe wat reeds van tevore gekopieer of

1. Report of the Director of Education 1900-1904. Drawing Syllabus, 121.

of gedikteer is. Dit word dus as 'n benadering van die leer-
vermoë in teken beskou. Hierdie metode neig egter daartoe
om die waarnemingsfunksie van die tekenfunksie te skei, dit
wil sê die opties-persepsuele van die motor-grafiese proses.
Gewoonweg bestaan die metode uit twee stappe. In die eerste
plek moet die voorwerp vir 'n korter of langer tydsbestek waar-
geneem word en in die tweede plek moet dit op 'n kinestetiese
of toe-oogmanier uit die geheue geteken word. Ook hieruit
het verskillende variasies ontwikkel; byvoorbeeld 'n voorwerp
in 'n doek toegedraai, word deur die leerling betas en na aan-
leiding van die visuele assosiasie wat deur die tassin opge-
wek word, uit die geheue geteken.

(ii) Die meetkundige metodes.

Die herhalingsmetode berus daarop dat dieself-
de vorm op 'n meetkundige basis herhaal word sodat dit 'n pa-
troon of ontwerp vorm, byvoorbeeld die herhaling van syfers
en letters.

Deur die uitvindingsmetode word daarna gestrewe om die
leerlinge op grond van hulle verworwe kennis en bekwaamheid
oorspronklike ontwerpe of tekeninge te laat vervaardig.

Die meetkundige metodes bestaan dus uit intellektuele
en vernuftige toepassings van die grafiese woordeskat wat deur
nabootsingsmetodes verwerf is; daarom word hulle in verband
met meetkundige en patroontekenwerk gebruik. Dit is daarop
gemik om die motor-grafiese handeling te versterk. Hier
word dan gebruik gemaak van tekeninstrumente vir die toepas-
sing van lyne, sirkels, boë, vlakkes en vaste liggame op orto-
grafiese projeksies,¹⁾ of meetkundige ontwerpe, dit wil sê
herhalings van meetkundige fatsoene wat met tekeninstrumente
gekonstrueer kan word.

In die praktyk was onderwysers oor die algemeen huiwerig
om te demonstreer en het om dié rede die meganiese aspek van

1. Ablet: How to Teach Drawing in Elementary Schools, 58.

tekenonderrig beklemtoon.

b. Voorwerptekenmetodes; die Opties-Persepsuele Prosesse 1906.

Deur die leerplan van 1906 word dan veral die voorstellende in plaas van die meganiese tekenvermoë beklemtoon. Ons het nou te doen met beeldende waarnemingsuiting wat deur verskillende maniere van voorwerpteken beoefen word. Dit is opvallend dat verbeeldingsamestellings, wat ook onder beeldende uiting ressorteer nog buite rekening gelaat word. Om te kan teken, moet die kind eers leer om waar te neem. Die hand het minder met goeie tekenwerk te doen as wat in die verlede beweer is.

Die voorstellende tekenvermoë word dan deur die volgende metodes ontwikkel:

(i) Vryhandteken van organiese, gekonstrueerde en geografiese vorme om idees van spesifieke vorme te verklaar. Sukses hierin hang nie soseer van die intelligensie af nie, maar van die skerpsinnigheid van die waarnemingsvermoë.

(ii) Geheueteken van bekende voorwerpe om die kind oplettender te maak en om hom te leer om oop-oog deur die lewe te gaan. Hierdeur moet 'n grafiese woordeskat opgebou word.

(iii) Tegnieke tekenwerk, wat veral daaruit bestaan om volgens skaal te teken. Sukses hierin hang van die intelligensie af. Ons het dan hier te doen met die tekening van voorwerpe wat vooraf gemeet word. Hierdie metode word dan ook op patroonmaak en ontwerp toegepas, waar motiewe, wat vir randontwerpe en spasievulling geskik is, gekonstrueer word.

(iv) Modelteken, veral van vaste liggame (type solids) en gipsmodelle soos hulle gesien word. Die leerling moet hierdeur 'n beskrywingstegniek verwerf waardeur hy meer kan sê as met woorde. Die uitbeelding van verhoudings en perspektief geniet hier die meeste aandag. Veral twee begrippe moet dus aangeleer word: die prentvlak (picture plane) en die afbakeningsmetode (block-in method). Om 'n begrip van die prentvlak te verwerf, word van 'n glasruit gebruik gemaak wat tussen

die leerling en die voorwerp geplaas word; hierop word dan die fatsoen van die voorwerp nageteken soos dit deur die ruit gesien word. Eenvoudige reëls in verband met ooglyn, verdwynpunte en relatiewe verhoudings kan dan opgestel word. Om dan die voorstelling op papier te kan oordra, moet die leerling volgens die afbakeningsmetode te werk gaan. Deur middel van lyne word die fatsoen(e) van die voorwerp(e) eers op 'n meetkundige manier afgebaken en besonderhede daarna ingevul.

Die kopieermetode word nou verwerp, omdat dit nie die ware tekenvermoë bevorder nie; maar die dikteermetode word nog behou, omdat die intellek daardeur ontwikkel en 'n eksakte terminologie daardeur ontstaan. Die gegraduateerde ontwikkeling word gebaseer op die ingewikkeldheid van voorwerpfaseene. So word met plat voorwerpe begin wat geleidelik tot ingewikkelde stallewes ontwikkel.

Hierdie metodes wat oor die algemeen daarop gemik was om 'n soort tekenskrif of tekengrepe aan te leer, het ook 'n sekere mate van bekwaamheid van die kant van die onderwyser geverg. Waar hierdie bekwaamheid ontbreek het, moes onderwysers hul toevlug tot boeke neem. Inspekteur Mansfield was dan genoodsaak om in 1907 te rapporteer dat die waarde van 'n voorwerples wat uit 'n boek gegee word sonder enige waarneming, ontdekking of uitvinding van die kant van die leerling feitlik baie gering is.¹⁾ Baie onderwysers het ook nog aan die kopieermetode bly vaskleef en inspekteurs moes herhaaldelik op die noodsaaklikheid van geheueteken wys.

c. Die Natuur as Uitgangspunt en Leermeester; Teken as die Grammatika van Kuns; die Opstel-metodes 1909.

Die nuwe oriëntasie in die algemene opvoeding, naamlik een wat die leerling sal voorberei vir sy latere praktiese lewe, het 'dan ook' 'n gedeeltelike wysiging in die benadering van tekenonderwys teweeggebring. Die leerling moes

1. Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1907, 74.

geleer word om produktief en selfstandig te kan werk. Deur teken onderrig op skool moes die leerling in die eerste plek die geleentheid kry om die grondslae of grammatika aan te leer en in die tweede plek moes hy oefening kry om dit selfstandig te kan toepas.

Die natuur vorm nou die uitgangspunt vir die metodes. Alle kuns kan beskou word as 'n opsomming van waarnemings van die natuur. Die voorstelling van natuurverskynsels vorm die basis van alle grafiese kuns, en dit is hierdie basis wat in die laerskool aangeleer moet word. „Drawing is not studied in Elementary Schools primarily as Art, any more than Reading, Writing and Composition are studied primarily as literature.”¹⁾ Die metodes is dus nou daarop gemik om die proses van waarneming, beoordeling en afbeelding van voorwerpe in die natuur te ontwikkel.

Natuurteken: Hierdie metode behels in die eerste plek die reeds bekende modelteken, dit wil sê die tekening van gefatsoeneerde vorme met duimstok en vryhand, asook volgens skaal. In die tweede plek sluit dit ook die tekening van natuurlike vorme in. Dit geskied in twee stadia: eers 'n meetkundige analise en daarna 'n prentevoorstelling van natuurlike vorme. Die onderwyser verduidelik die onderliggende beginsels en die leerlinge werk dan selfstandig.

Patroonmaak en Ontwerp. Hierdeur word meetkunde en natuurteken gekorreleer. „Geometry as a Science may be evolved from the study of natural forms and Pattern Drawing may be made complementary to both branches of work.”²⁾ So word begin met die aanleer van die beginsels van ontwerp deur eenvoudige meetkundige patrone en daarna word geleidelik oorgegaan tot konvensionele verwerkings van natuurlike vorme waarby die moontlike praktiese toepassings in gedagte gehou moet word, byvoorbeeld die toepassing in karton-, hout- of naaldwerk.

1. Rawson: A Manual of Drawing, Preface to Part II, IV.
2. T.a.p., Bylaag XIV.

Die sukses in die praktyk het van die individualiteit en bekwaamheid van die onderwysers afgehand. Aan die een kant het hulle gevaar geloop om te omslagtig te werk te gaan; aan die ander kant was daar die gevaar van tyd verkwisting. Sommige onderwysers het bly vaskleef aan die blote nateken van klaargemaakte tekeninge; andere is ontmoedig deur die kinders se gebrekkige tekeninge. Met betrekking tot natuurteken en die onderrig van perspektief is leerkragte dikwels nie alleen deur hulle eie tekortkominge ontmoedig nie, maar ook deur ongeskikte klaskamers.

4. 'n Subjektiewe, Pedosentriese Benadering; Beskrywings- in plaas van Waarnemingsteken, 1924 tot 1936.

Omdat tekenonderwys oor die algemeen nog nie die vrugte afgewerp het wat verwag is nie, is vanaf 1924 'n nuwe benadering van die vak aanvaar. Die idee om iets op die leerling af te dwing wat volgens ons mening beter is as dit wat die natuur hom gegee het, word nou verwerp.¹⁾ Die waarde van die vak word nou meer in die lig gesien van genot en tevredenheid wat die kind daaruit put. Die objektiewe benadering van die verlede word nou vervang deur 'n subjektiewe benadering en die metodes word op die oortuiging gebaseer dat die kind van natuur nie 'n afskrywer is nie, maar 'n beskrywer van verskynsels en idees. Voorstellings- of voorwerpsteken word dus deur beskrywingsteken vervang en hierby speel die verbeelding 'n uiters belangrike rol.

(a) Illustratieweteken of verbeeldingsamestellings vorm dan die basies van ons tekenkursus, en ontwerp, beskrywende waarnemingsteken en kunswaardering dien alleen om hierdie aspek aan te vul. Hier word dan veral van drie metodes gebruik gemaak.

(i) Spelteken: Die onderwyser voorsien die materiaal, en die kind gaan op sy manier te werk soos hy by die huis sou

1. Green: How to Teach Drawing, 8.

doen, dit wil sê plesierig en genotvol.

(ii) Storie-illustrasie: Die onderwyser dra 'n storie of gedig aanskoulik en lewendig voor en beklemtoon twee of drie belangrike insidente ter wille van die swakkere kinders. Die leerlinge teken dan hulle eie vertolkings.

(iii) Suggestiefteken: Die onderwyser gee 'n verbale prent van een of ander denkbeeldige onderwerp en die klas gee dan na aanleiding van hierdie suggestie sy eie idees grafies weer.

(b) Beskrywende waarnemengsteken (alleen vir hoër klasse): Hierdie aspek vervang die objektiewe voorwerptekentipe. Vir ouer kinders is dit die sleutel tot sukses in illustratief-teken. Daar is geen diktering, geen afdwinging van die onderwyser se idees nie en niks wat die kind se oorspronklikheid sou belemmer nie. Dit dien om by die kind 'n grafiese woordeskat op te bou en het te doen met feite in verband met verhoudings, fatsoen en kleur. Voorwerpteken is nou nie alleen die korrekte nie maar ook die Artistieke voorstelling van bekende gefatsoeneerde en natuurlike dinge.¹⁾ Dit is artistiek omdat nou ook die individualiteit van die kind tot uiting moet kom; (eers 'n korrekte waarneming, dan die artistieke vertolking daarvan).

(c) Ontwerp: Onder ontwerp word nou verstaan die versiering deur middel van konvensionele patrone wat op natuurlike, geometriese of abstrakte vorme gebaseer is.²⁾ Net soos in illustratief-teken word ook hier die uitvindings- en skeppingsvermoë van die kind betrek; albei word subjektief benader. Ontwerp is dus verwant aan maar nie dieselfde as illustratief-teken nie. Die ooreenstemming bestaan daarin dat kinders iets moet produseer wat so ver dit hulle betref nie bestaan of bestaan het nie. By die onderrig word veral twee metodes aangewend:

(i) Die eenheidsmetode: 'n Natuurlike of konvensionele

1. Green: How to Teach Drawing, 36.
2. T.a.p., 20.

vorm, bekend as 'n eenheid of motief, word herhaal om 'n patroon te vorm. Hoe interessanter en ingewikkelder die eenheid, hoe lewendiger die ontwerp. So word die kol uitgebrei tot 'n blom, of 'n enkele blaar tot samegestelde blare. Herhalings hiervan word dan toegepas op bandpatrone, verspreide patrone en spasievulling.

(ii) Rangskikking van massas, lyne en kleure in 'n gegewe spasie: hier word die groeiwet beklemtoon, dit wil sê uitstraling vanuit 'n sekere punt. Die ontwerp as geheel berus nou weer op rangskikking en nie juis op herhaling nie.

(d) Kunswaardering: Periodieke lesse word nou ook gegee vir die ontwikkeling van die skoonheidsgevoel met betrekking to skilderye, geboue, meubels en klere. Dit word op 'n analitiese manier gedoen om sodoende 'n begrip van die kunststruktuur te verwerf en belangstelling in kuns te prikkel.

Dieselfde benadering en metodes word in die leerplan van 1929 gehandhaaf. Illustratiewe teken word voor natuurteken geplaas; die inhoud voor die grammatika. Baie inhoudsmateriaal wat in woorde 'n vae abstraksie sou bly, word nou deur middel van prente dinamies en verstaanbaar. In die laer klasse kan dit vergelyk word met storievertelling en lees en in die hoër klasse met letterkunde. Oor die algemeen het ons dus met 'n verplasing van verbale opstelle na grafiese komposisiës te doen. Dit vereis 'n grafiese woordeskat en daarom word 'n sekere mate van voorwerpteken nog behou. Die benadering egter bly pedosentriës.

Diensdoende onderwysers het dit moeilik gevind om aan die nuwe benadering van die vak uitvoering te gee. Veral ons kolleges uit die Kaapprovinsie het bly vaskleef aan 'n objektiewe en logiese benadering, dit wil sê aan grafiese woordeskatmetodes. In 1931 moes inspekteur Kloppers en Robb soos volg rapporteer: „Te veel van ons ouere onderwysers is geneig om hulle werk tot voorwerpteken te beperk en selfs kopiëer toe te laat en skyn nie te verstaan dat die werk net

belangwekkend en aangenaam kan wees nie vir hulle leerlinge as hulle in teken 'n middel kan vind om uitdrukking te gee aan die gedagtes en idae. Voorwerpteken en geheueteken vind hulle plek in die skema vernaamlik as middels tot bereiking van 'n doel."¹⁾ In baie gevalle is tekenonderrig stiefmoederlik behandel, omdat onderwysers erg bewus was van die feit dat hulle self geen meesters in die vak was nie.

5. 'n Sielkundig-emosionele Benadering; Skeppende Uitingsmaniere, 1936 tot 1950.

(a) Die grondslae van die Nuwe Metode.

(i) Die besoek van Lismer in 1936 het nie alleen in die doel en inhoud van kunsonderrig 'n omwenteling meegebring nie, maar ook in die metode. Kuns word nou nie langer eenvoudig as teken en as 'n intellektuele studie beskou nie; dit bestaan ook nie ter wille van die kuns nie maar ter wille van die lewe; „dit moet as 'n noodsaaklike lewensfaktor beskou word en nie as 'n verfynde begaafdheid nie."²⁾ Die groot waarde van kunsonderrig lê dus in die bydrae tot die alledaagse lewe deur alledaagse mense.

(ii) Die nuwe metodes word nou op die moderne sielkunde gebaseer en veral op die aanvaarding van kinderkuns as 'n entiteit wat onafhanklik van die volwassene se kuns bestaan maar wat wel met verloop van tyd 'n metamorfose ondergaan. Dit kan dus nie met volwasse norms gemeet word nie, en dit is alleen deur 'n diepgaande studie van kindersielkunde dat 'n volwassene die kuns van die kind sal kan begryp. Kindersielkunde is dus vir die onderwyser die sleutel tot die kind se individualiteit en 'n leidraad hoe om die kind te behandel.

(iii) Die vernaamste bydrae tot die nuwe opvoedkundige metodes is die erkenning van die kind as 'n skeppende wese.³⁾ Die kind vind sy eie manier van uiting van sy

1. Verslag van die Direkteur van Onderwys 1931, 65.
2. T.O.D. Omsendbrief 20 April 1938: Aantekeninge oor Kunsonderwys in die Laer Skole, 3.
3. Lismer: The Teaching of Art in Primary and Secondary Schools and Training Colleges, 3.

ervaringe en emosies; volwasse kuns daarenteen is aangeleer deur oefening en deur 'n bewustelike toespitsing op die uitingsmanier. Deur ons opvoedingsmetode moet die kind dan toegelaat word om hom vry uit te druk en moet hy aangespoor word om oorspronklik, vindingryk en selfwerkzaam te wees, want oorspronklike samestelling is baie waardevoller as nateken.¹⁾

(iv) Die onderwyser moet dus nie 'n diktator wees nie, nog minder iemand wat niks van kindersielkunde weet nie; want onderwerpe wat gekies word, moet in 'n egte en noue verband met die kindernatuur staan. Hy moet dus nie volwasse standaarde as ideale vir die kind voorhou nie. Kritiek op verkeerde verhoudings, detail en netheid wat op 'n verkeerde tyd-stip in die kind se ontwikkeling gegee word, ontmoedig die kind en demp die skeppingsdrang by hom. Die onderwyser moet dus eerder 'n simpatieke leier, raadgewer en vriend wees wat die onderwerpe vir sy lesse uit die kind se lewe, belange en omgewing soek.

b. Skeppende Uitingsmaniere; Inhoud voor Vorm.

(i) Die vrye uitingsmetode in prentemaak: Klein kinders teken nie om mooi prente of lyne te maak nie; hulle wil slegs hulle gedagtes, fantasie of kennis tot uiting bring. Om hulle hierin so veel vryheid as moontlik te gee, word alle formele metodes wat op volwasse kuns gebaseer is, oor boord gegooi. Die kind leer homself en leer ook van ander kinders. Die hoeveelheid motiewe is feitlik onbeperk omdat hier van die kind se ervaring en belangstelling uitgegaan word. Inhoud word voor vorm geplaas, spontaneiteit voor juistheid van uiting. Die kind moet sy eie vertolking van die onderwerp gee. Grafiese idioome wat nodig is om geestesbeelde en waarnemings sintuiglik waarneembaar te vertolk, word aangeleer soos die behoefte hom daartoe voordoet. Geheueteken, wat 'n vorm van verbeeldingsuiting is, dien dan as 'n belangrike aanvulling tot die vrye

1. T.O.D. Omsendbrief 20 April 1938: Aantekenings oor Kuns-
onderwys in die Laer Skole, 3.

uitingsmetode.

Hierbenewens word die metode aan die kind se ontwikkelingspeil aangepas, terwyl die onderwyser kennis moet dra van die kind se belangstellingsterrein op die spesifieke ouderdom. „...the teacher should have a store of this childlike love and an understanding of its relation to the growth of intelligence and the orientation of the child in the direction of adolescence and manhood.”¹⁾

(ii) Die dekoratiewe uitingsmetode: Ook hier word van die oortuiging uitgegaan dat skeppingsvermoë noodsaakliker is as meganiese juistheid.²⁾ Die begrip "ontwerp" word nou in 'n wyer sin gebruik, dit is nie net versierend nie, maar die artikel op sigself maak deel van die ontwerp uit en die aard van die gereedskap moet in aanmerking geneem word. Elke ontwerp wat uitgewerk word, moet dus in die lig van sy moontlike toepassing en waarde gesien word. In die metode moet dan die volgende beginsels beklemtoon word: - die vorm van 'n voorwerp en die karakter van die versiering word deur die materiaal bepaal waarvan die voorwerp vervaardig word. Beginsels van ontwerp word op die manier deur aktuele toepassing aangeleer.

(iii) Kunswaardering: 'n Derde manier van uiting word in die waardering gevind. Die kinders se eie skeppende werksaamhede moet tot genot in skoonheid lei. Ook hierdie aspek moet sielkundig benader word; die onderwyser moet probeer om met die kind se oë te sien en hulle idees van skoonheid te begryp. Die ontwikkeling tot die waardering van skoonheid in die natuur en in die verhewe kuns geskied by die kind geleidelik. Die opleiding hierin geskied dus insidenteel. Streng formele praatjies is onwenslik, maar die kind se milieu, byvoorbeeld sy klaskamer moet so aantreklik moontlik

-
1. Lismer: The Teaching of Art in Primary and Secondary Schools and Training Colleges, 14.
 2. T.O.D. Omsendbrief 20 April 1938: Aantekeninge oor Kunsonderwys in die Laer Skole, 15.

vergestalt word. Op alle moontlike maniere moet 'n liefde en waardering vir alles wat skoon is, opgewek word.

Hierdie nuwe benadering van die vak het meegebring dat 'n leerkrag deeglik onderlê moet wees nie alleen in die kindersielkunde nie maar ook in die kinderkuns en in die vak self. Die terrein vir die opleiding van 'n onderwyser het baie breër geword en dit het spesialisering noodsaaklik gemaak. Die strewe was dat op elke skool tenminste een leerkrag sou wees wat hierdie vak kon behartig. Die spesialisering-kursusse aan die kolleges is dus ingestel om 'n talentvolle leerkrag nie alleen algemeen bevoegd te maak nie maar om hom ook op te lei in die behartiging van kunsonderrig.

c. Konstruktiewe Uitingsmetodes; Inhoud, Vorm en Nuttigheid, 1942.

In Engeland word reeds sedert 1937 die term „Art and Craft“ in plaas van „Drawing“ gebruik.¹⁾ Dit het dan aanleiding daartoe gegee dat ook by ons in die kunsonderrig deur kunsvlyt onderrig vervang word. Hierdie verandering is gedoen om die belangrikheid van konstruksionele uiting wat op ontwerp berus, te beklemtoon. Onder ontwerp word nou die skepping of voortbrenging van bruikbare en tog ook mooi alledaagse artikels verstaan. In die leerplan word 'n definisie deur Anthony Bertram aangehaal, naamlik: "Good design is not a matter of novelty for the sake of novelty, but of the production of cities and houses and goods which will best satisfy the needs of the people: their needs of practical, honest, cheap, lasting and beautiful things to use and see in their everyday lives."²⁾ Vorm, inhoud en nuttigheid van kunsvlytprodukte word beklemtoon. Die grondslag vir die benadering bly die skeppende uiting wat egter nou in die verskillende handwerksoorte tot openbaring kom. Die maatstaf vir sukses in die onderrigmetode is nie alleen oorspronklikheid en

1. Board of Education: Handbook of Suggestions for the consideration of Teachers. H.M.S.O., London, 1937.
2. T.O.D.: Voorgestelde Leerplan vir Kunsvlyt, 1942, 2.

vindingrykheid nie, maar veral die genot in die aktiwiteit self; daarom moet dan die beginsels van speel toegepas word. Die onderwyser se taak bestaan alleen daarin om oorspronklike fatsoenering van materiale by die kind uit te lok. Die geaardheid van die materiaal en die kind se manier van hantering daarvan, ooreenkomstig sy ontwikkelingspeil, bepaal dus die metode.

d) Prentemaak as 'n Vorm van Patroonmaak.

Deur die leerplan van 1948 wat meer die ontwikkeling van die algemene kunssin beklemtoon, word die vrye uitingsmetode nog 'n stap verder gevoer. In die eerste plek word voorwerpteken nou heeltemal uitgeskakel en alle werk berus op die kind se ervaring, verbeelding en oorspronklikheid. In die tweede plek word vir alle klasse een en dieselfde beginsel van benadering gehandhaaf, naamlik vrye uiting sonder toepassing van volwasse standaarde.

Ontwerp en patroonwerk dien nou as basis, nie alleen vir die benadering van die handwerkaktiwiteite nie, maar ook vir prentemaak en skilderwerk. Prentemaak word nou as 'n ander en hoër vorm van patroonmaak beskou, waar die fatsoene wat gebruik word baie meer konkreet en die rangskikking daarvan baie vryer is. Om dus suksesvol te kan wees, moet volle uitingsvryheid aan die kind gegee word.¹⁾

6. Slot.

Vanuit 'n historiese standpunt gesien, het daar dan met betrekking tot die metodes van kunsonderwys 'n algehele kentering ingetree. Die erkenning van die bestaan van kinderkuns naas die volwasse kuns en die bydrae van die moderne kindersielkunde het 'n benadering teweeggebring wat in alle opsigte lynreg teenoor die ou metodes staan en hulle ook totaal verwerp. So is byvoorbeeld alle formele en objektiewe grafiese woordeskatmetodes verwerp ten gunste van subjektiewe

1. 'n Kritiese bespreking van hierdie standpunt volg in Afdeling C.

vrye uitingsmetodes; 'n akademies-intellektuele ten gunste van 'n sielkundig-emosionele benadering; 'n volwasse georiënteerde ten gunste van 'n pedosentriese onderrig. Die ou metodes het vorm en tegniek beklemtoon en was gegrond op teken as die grammatika van kuns, terwyl die nuwe metodes inhoud en oorspronklikheid beklemtoon en op kuns as 'n beskrywingsidoom van ervaringe gebaseer is. In hoeverre hierdie nuwe metodes opvoedkundig gegrond is en die gewenste resultate afwerp, bly 'n vraag wat in die volgende afdeling breedvoeriger bespreek sal word.

- - - - -